## 23 Februarie Levitikus 3

### *Jesus en die vrede-offer*

Here, maak my onrus stil. Gee my sielevrede. Dit is die gebed van menige hart. Hier word gepraat van dankoffer of maaltydoffer. Ons vertaal dit met vrede-offer. Die offeraar bring sy dier na God. Dit is as 'n gebed: Laat daar tog by my vrede met u wees. Daar is die aanvegtinge van die lewe (Rom. 7:19; 1 Joh. 1:8).

So ervaar die opregte kind van God dit. Ag, Here, ek het dit vandag weer gedoen. Woorde. Gedagtes. Dade. So is my verhouding met U weer versteur (Dawid in Ps. 38:10,19). Israel kon enige mooi gesonde dier offer. Hy lê die hande op die kop. Dra so die begeerte na vrede met God op die dier oor. Dit word geslag en die vet verbrand. Die beste is die Here s'n. Die res eet die priesters, sy familie en vriende. Dis die vredesmaaltyd. Saam eet spreek van vrede, gemeenskap. Ek voed my met die wete dat dieselfde offer wat my siel voed reeds die hart van God verkwik het. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God (Rom. 5:1). Jesus het tussen my sonde en God gaan staan.

So word my onrus stil, kry ek vrede. Geen sonde of swakheid wat teen my wil in my oorgebly het kan God se genade van my wegneem nie. In Jesus het ek voor God vrede soos 'n kind by sy moeder (Ps. 131:2).

Sing: Psalm 131:2,3 Ds. L.D. Aucamp (Cullinan)